LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 29/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Genade is God se guns

My genade is vir jou genoeg - 2 Korintiërs 12:9 Genade is nie iets wat 'n mens by voorbaat het nie. Dit is die konkrete guns wat telkens aan ons gegee word na die mate waarin ons dit nodig het. God se genade is genoeg vir elke dag. Ek kan nie verwag om vandag al die genade te ontvang wat ek môre nodig sal hê nie. Daarom kan ek ook nooit by voorbaat weet dàt en hóé ek in 'n krisissituasie sal kan oorleef nie, en nie net oorleef nie, maar só sal kan leef dat ek God se lof verkondig en vir my medemens tot seën sal kan wees. ~ Willie Jonker ~




## Goegieland

Baie dankie vir 'n heerlike week saam met ons maatjies! Die Plaasdiere-instappie en perdry was groot pret en ons kinders het dit baie geniet. Ook 'n groot dankie vir almal se bydrae tot ons Varkiedag – dit was 'n dag vol lag en plesier!

Vriendelike versoek! Gebruik asseblief die kleuterskoolhek. Ons herinner weer dat die kleuterskoolhek soggens om 08:00 gesluit word. Hou asseblief die hekke te alle tye toe. Ons kleuters se veiligheid bly ons eerste prioriteit.

**Graad R Gradeplegtigheidsfoto's**
Bestelvorms is reeds in die maats se kletsboeke.
- Bestellings sluit: 30 September 2025

**Graad R Skoolgereedheidstoetse**
Die toetse vind by die skool, gedurende skooltyd, plaas op:
- Woensdag, 10 September 2025
- Donderdag, 11 September 2025

Dankie dat julle elke dag saam met ons werk om die kleuters se skoolervaring veilig, pretvol en waardevol te maak.

Groete uit Goegieland

## Dankbaarheid




Ons is dankbaar vir Jesus wat aan die kruis vir ons sondes gesterf het. Dis 'n pragtige Lentedag!

## Week se Program

### 9 September 2025
- **Toets: SW**
- **Algemene Kennis Gr. 1 tot 3**
- **Krieket vs LS Kanonkop o/10 (Weg), o/11 (Tuis)**

### 11 September 2025
- **Toets: Afrikaans**
- **Krieket vs LS Kanonkop o/12 (Weg), o/13 (Tuis)**

### 12 September 2025
- **Hokkieliga S o/10 tot o/13 vs LS Secunda**

### 10 tot 12 September 2025
- **Veldskool LSEN te Meulstroom**

### 12 tot 13 September 2025
- **Hokkie o/12 & o/13 D Regional Uitspele**



# Drama – Con Spirito




Die volgende leerders het vanaf 18 to 29 September 2025 aan die Con Spirito Nasionale Forté kompetisie deelgeneem en behaal die volgende puik prestasies:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Graad 0 | Evalt Vermaas | Gedramatiseerde Poësie | 98 % |
| | | Ongedramatiseerde Poësie | 97 % |
| Graad 1 | Klara Meyer | Gedramatiseerde Poësie | 96 % |
| | | Gedramatiseerde Prosa | 95 % |
| Graad 3 | Wessel Vermaas | Ongedramatiseerde Poësie | 94% |
| Graad 6 | Leané Luddick | Gedramatiseerde Poësie | 95 % |
| | | Dramatised Prose | 95 % |
| | | Mimiek | 98 % |
| | | Monologue | 96 % |

Die volgende leerders is ook as itemwenners vir die onderskeie items aangewys:

| | | |
|---|---|---|
| Evalt Vermaas | - | Gedramatiseerde Poësie |
| Klara Meyer | - | Gedramatiseerde Prosa |
| Leané Luddick | - | Mimiek |







# Redenaars

Wat 'n ongelooflike jaar vir Redenaars! Ons leerders het geredeneer en met hul talente ten volle gewoeker! Ons laaste twee kompetisies vir die jaar was ook 'n groot sukses! Baie geluk aan die volgende leerders wat onderskeidelik deelgeneem het aan ConSpirito Nasionaal Finaal en Artistatue Nasionaal Finaal.

Die leerders is as volg:

**Graad 2**
Jana Steyn
Zuvan Joubert
Mianique van Zyl
**Graad 5**
Zani van der Merwe
Kaitlyn Shackleford
Manny Neto
Melandie Faber
**Graad 6**
Waldt van Niekerk
Leané Luddick
**Graad 7**
Milan Zwarts













Baie geluk aan Zani van der Merwe en Kaitlyn Shackleford wat Itemwenners was by ConSpirito. Baie geluk aan Mianique van Zyl wat 'n algehele 5de plek behaal het en Waldt van Niekerk met 'n algehele 6de plek by Artistatue Nasionaal Finaal.

# Junior Algemene Kennis

Dinsdag, 9 September 2025 om 14:00 in die skoolsaal is dit tyd vir hierdie kompetisie vir die Gr. 1- tot 3-maats wat hiervoor ingeskryf het. Onthou van die oulike boekpryse.




| 8 Sept | 9 Sept | 10 Sept | 11 Sept | 12 Sept | 13 Sept | 14 Sept |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Johanku Pretorius | Marno Marais<br>Lean Meyer<br>Ruan v Aswegen | Lika Visser<br>Mianke v Wyk | Marlo Keyser<br>Logan Zötter<br>Simoné de Lange<br>Veronique Scannell | Stefan Cloete<br>Adriaan vd Merwe | Wikus vd Merwe<br>Calita Cornelissen | Innocent Mvulane<br>Reghardt Myburg<br>Adreg Fourie<br>Shawn Botha |

## Revue




Hoor u dit??? 5,6,7,8....en links en regs en op en af!!!!! U het reg geraai! Laerskool Goedehoop se Revue - AFRIKAANS MET SKOP - gons van opwinding!!! Moenie die nostalgiese geleentheid misloop nie! Kom wees saam met ons trots Suid-Afrikaans! Kaartjies verkoop vanaf Maandag, 8 September 2025. Daar sal 'n skakel gestuur word waarop kaartjies gekoop kan word. **GEEN KONTANT WORD BY VOOGDE AANVAAR NIE!** Kleedrepitisie vind plaas op Maandag, 29 September 2025 by Kruik. Verdere inligting sal later deur gegee word!

## Mini-Tennis

Mini-tennisoefening vir Graad 1- tot 4-maats:

| | | |
|---|---|---|
| Dinsdae & Donderdae | Groep 1 | 14:00 tot 14:45 |
| | Groep 2 | 14:45 tot 15:30 |

Sien ook oefentye op d6 se kalender. Onthou tekkies en gewone klere en water.

Op 13 September 2025, vanaf 08:30 tot 11:00 is daar 'n tennistoernooi vir Graad 1- en 2-maats teen R90/speler. Dit word by Sasolklub aangebied. Kontak vir juffrou Amanda van Zyl (Juf. Beertjie) in T19 vir meer inligting. Slegs 7 maats kan hieraan deelneem.

Op 19 September 2025 bied Annamarie Meyer 'n afrigtingskliniek hier by ons skool aan vir Graad 1 tot 4 mini-tennismaats. Dit is vanaf 14:00 tot 15:30. Koste beloop R160/speler. Sluit 'n medalje in.

## Hokkie

Die hokkieseuns het Vrydag, 29 Augustus 2025 teen LS Oranjegloed kragte gemeet. Die uitslae is as volg:

| | | |
|---|---|---|
| o/10 | Verloor | 2 - 5 |
| o/11 | Wen | 3 - 0 |
| o/12 | Verloor | 1 - 6 |
| o/13 | Wen | 5 - 0 |

Speler van die Wedstryd

| | | |
|---|---|---|
| o/10 | - | Jaunru Liebenberg |
| o/11 | - | Jason Stratford |
| o/12 | - | Ewan Rynders |











Op Dinsdag, 2 September 2025 speel die seuns teen LS Kruinpark in hul ligawedstryd vir die seisoen. Die uitslae is as volg:

| | | |
|---|---|---|
| o/12 | Wen | 4 - 0 |
| o/13 | Verloor | 0 - 1 |

Speler van die Wedstryd

| | | |
|---|---|---|
| o/12 | - | Zian Mocke |
| o/13 | - | Joubert Louwrens |




Donderdag, 4 September 2025 het die dogters teen Laerskool Hoëveld gespeel en die uitslae is as volg:

| | | |
|---|---|---|
| o/10 | Gelyk op | 2 - 2 |
| o/11 | Wen | 3 - 0 |
| o/12 | Wen | 5 - 0 |
| o/13 | Wen | 4 - 0 |

Speler van die Wedstryd

| | | |
|---|---|---|
| o/11 | - | Manny Neto |
| o/12 | - | Zanduray Spruew |
| o/13 | - | Lianke Luwes |









## Krieket




Goedehoop se o/9-krieketspan het in hul kragmeting teen Curro Secunda gewen met 62 lopies. Logan Zötter slaan 25 lopies nie uit nie. Die o/10- tot o/13-krieketspanne het hierdie week teen Laerskool CR Swart kragte gemeet in hul ligawedstryde. Die o/10's verloor met 2 paaltjies. Jaunru Liebenberg vat 5 paaltjies vir 22 lopies. Die o/11's verloor met 5 paaltjies en die o/12's wen met 88 lopies. Daantjie Lesch slaan 67 van 52 balle nie uit nie. CJ Meyer slaan 63 van 55 balle nie uit nie. Die o/13's verloor met 8 lopies. Armand Joubert slaan 94 van 66 balle.

LAERSKOOL GOEDEHOOP

GROEI EN BLOEI

Goedehoop-Groete
Mnr. Gawie van Niekerk
Prinsipaal

## Die Skakel om te REGISTREER

Warrior Princesses and Friends

